**DIE SWELLENDAM BEURSFONDS WORD**
**20 JAAR OUD**

Op **25 Oktober 2025** sal die Swellendam Beursfonds **twintig jaar oud** wees.

Dit sal dan ook **vyftig jaar** wees sedert die Swellendam Busramp op 25 Oktober 1975 plaasgevind het.

Die Beursfonds wil dus spesiale eer bring aan almal wat by die Swellendam Beursfonds en die Swellendam Busramp betrokke was.

In die 19 jaar van sy bestaan het die Beursfonds **meer as R2.4m** bestee om aan **332 studente** beurse toe te ken. Ons wil hierdie prestasie volgende jaar op verskillende maniere vier.

Daar sal ‘n **feesboek** verskyn met stories van beurshouers. Alle vorige beurshouers of hul ouers, selfs al het hulle nie hul kursus voltooi nie, word dus uitgenooi om iets oor hulself te skryf, en dit aan die volgende e-posadres met ‘n duidelike foto van hulle te stuur: ccersa@mmweb.co.za. (Dit kan in enige formaat wees, selfs net ‘n paar sinne, want die Beursfonds sal dit taalkundig vir publikasie versorg.)

.

Die Beursfonds sal ook voorstelle van oud-beurshouers en ander gemeenskapslede waardeer wat ons in staat sal stel om gedurende die loop van die jaar iets te doen om hierdie verjaardag te vier.

Kerk- of skoolfunksies wat die aandag op hierdie belangrike feesgeleentheid sal vestig sal uiteraard baie beteken.

Verkope deur individue om klein of groot bedrae vir die Beursfonds in te samel, sal eweveel waardeer word.

Godsdienstige byeenkomste om die busramp te gedenk of om saam met die Beursfonds die prestasies van die afgelope twintig jaar te vier, sal verwelkom word.

Voorstelle kan gestuur word na vs.swbeursfonds@gmail.com of ccersa@mweb.co.za.

Hierdie verjaardagfees behoort aan almal wat oor die jare deel van die Beursfonds se aktiwiteite was. Ons hoop dus dat die bande tussen die Beursfondsraad, die beurshouers, hul ouers en die breë gemeenskap hierdeur verder versterk sal word.